# Ruach Bediening Nuusbrief

Mei 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ..... 1
2. Gebedsterapie sessies in Mei 2024 ..... 2
3. Getuienisse ..... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ..... 2
   a. Vergifnis ..... 2
   b. Gee vir ons vandag ons daaglikse brood ..... 3
   c. Voorsiening ..... 3
   d. Granate word ook in die Bybel genoem ..... 4
5. So terloops .... ..... 5
   a. Die seuntjie .... ..... 5
   b. Foto van die jaar .... ..... 6
6. Beplanning vir volgende maande ..... 6
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ..... 7
8. Bybelskool ..... 7
9. Afsluitings Gebed ..... 7


## 1. Gedagte vir die maand

### Johannes 14:4

**En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.**

Ek gee jou die volgende uit My Woord: Jesaja 42:8; Psalm 28:2; Jeremia 12:8

Kyk! Kyk! Ek stuur hulle, legioene van engele om My Bruid by te staan. Die tyd wat voorlê is geweldig van aard. Wonderwerk op wonderwerk kom uit My hand. Ek stuur hulle. My kinders het hulp dringend nodig. Geweldig baie aanvalle word geestelik teen hulle geloods. Wie nie in My bly nie, sal nie staande kan bly nie. Die versoekings is net te groot. Alleenlik in My is daar krag en sterkte, moed en ywer om voort te gaan. Maak seker dat daar niks tussen My en jou staan nie. Maak vol julle lampe. My Bruid, vul dit op met ekstra olie. Die nag is lank, maar kyk Ek kom gou. Ek is.

## 2. Gebedsterapie sessies in Mei 2024

| | |
|---|---|
| 49 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 3 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 21 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 6 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 19 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 23 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 121 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1**: I must tell you, since we prayed with my mom, all that time ago, she is much better and remarried. Xx ♡

**Getuienis 2**: Oom Sarel, jy voel vir my soos die Pa wat ek nooit gehad het nie.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Vergifnis

God sal jou vergewe en jou herstel

Psalm 51:3 NLV



Daar is slegte nuus en daar is goeie nuus. Die slegte nuus is toe Dawid sy sonde probeer wegsteek het, het God dit aan die hele volk blootgelê. Die goeie nuus is dat toe Dawid sy sonde bely het, het God hom vergewe en sy rekord uitgevee.
Wat God vir Dawid gedoen het, sal Hy ook vir jou doen. Al wat jy moet doen, is om op jou knieë te gaan en te bid: '...Wis tog my sonde uit... Skep vir my 'n rein hart, o God...' (verse 3, 12 NLV).

As jy wil weet hoe God op so 'n gebed reageer, lees wat Hy vir Salomo, Dawid se seun, gesê het: "...Dien My met opregtheid en vroomheid soos jou pa, Dawid, gedoen het, doen alles wat Ek beveel het en voer my bevele en voorskrifte uit. Dan sal Ek jou koningskap oor Israel bevestig soos Ek aan jou pa, Dawid, belowe het: 'Daar sal altyd iemand uit jou nageslag op die troon van Israel wees'" (1 Konings 9:4-5 NLV).


Jy mag dalk vandag voel of jy as gevolg van jou sonde, hoop, verlossing en die geleentheid om bruikbaar vir God te wees, verbeur het. Moet dit nie glo nie! Jy kan herstel word. Jy kan genees word. Jy kan vergewe word. Jy kan jou integriteit terugkry. Jy kan weer heel word. Jy kan sing:

'There is a fountain filled with blood, drawn from Immanuel's veins, and sinners plunged beneath that flood, lose all their guilty stains.'

Die woord vir jou vandag is - God sal jou vergewe en herstel. Al wat jy moet doen is om Hom daarvoor te vra.

*Geskryf deur Bob & Debby Gass*

## b. Gee vir ons vandag ons daaglikse brood




Iemand stuur hierdie foto, is dit wat Matt.6:11 beteken?
"Gee ons vandag ons daaglikse brood."
Is dit Brood? Ja, Inderdaad so.
Die Arabiese weergawe lees, "Ons brood vir môre"; en die Hebreeuse Evangelie, wat deur die Nasareners gebruik is, is die woord "rxm" wat "môre" beteken:
Maar hierdie blyk te wees deur Christus weerspreek, (Matteus 6:34) was dit nie dat dit waargeneem kan word, dat dit dui op die hele daaropvolgende tyd van die lewe, en gee ons dus 'n baie omvattende gevoel van hierdie petisie; dit wil sê dat God ons, "dag vir dag", soos Lukas dit uitdruk, (Lukas 11:3 ) sal gee, dit beteken "Èlke dag van ons lewe, tot die einde daarvan, 'n behoorlike voorraad van voedsel":

Of die betekenis van dit is dat God vir ons, vir die huidige tyd, sulke voedsel sou gee waaraan ons behoefte het; is geskik vir ons, vir ons aard en grondwet, staat en toestand, en is voldoende en gerieflik vir ons: Waartoe stem die petisie van die; "Die benodigdhede van jou volk is groot, en hulle kennis is kort; laat dit U welbehae en plesier wees, O Here, ons God, dat U aan elkeen gee, "wat genoeg is vir sy onderhoud","en aan elkeen se liggaam wat hy wil gee.?"

Ons wat kinders van die geloof is soek "elke dag" "om te vra" "ons s'n"; Nie dat ons 'n reg daarop het nie, nog minder dat ons dit verdien, maar om dit te onderskei van dié van diere; en omdat dit is wat ons nodig het, en daarsonder nie kan klaarkom nie; wat deur die voorsienigheid van God vir ons bestem is, is ons s'n deur gawe, en besit deur arbeid. Dit is "daaglikse" brood, en dat dit "dag vir dag" gevra word; wat die onsekerheid van die lewe suggereer; slaan op alle angstige en onmatige sorge vir die môre; is ontwerp om te weerhou van hebsug, en om die plig van gebed, en konstante afhanklikheid van God vol te hou; wie ons elke dag moet vra om ons ons "daaglikse brood te geè", want God is die enigste bewerker van al ons barmhartighede; wat al sy vrye gawes is; ons verdien niks uit sy hande nie: Daarom behoort ons dankbaar te wees vir wat ons het, sonder om oor sy voorsienigheid te murmureer of te beny oor wat hy ander gee.



Dit is inderdaad, voedsel "ártos" – werklik, brood; en figuurlik.
Goddelike voorsiening; al die lewensmiddele wat God aan gelowiges verskaf om in Sy voorkeur-wil te lewe (thélēma). Annalize Boshoff

Wat van 'geloofsbrood'...genade, wat genoeg is vir elke dag

## c. Voorsiening

Mamma, jammer ek bel so laat, ekt mamma se hulp nodig....ek het tekkies nodig vir more aand se dans. Maar as mamma nie kan nie sal ek verstaan." Spanningseine skiet deur haar liggaam en kom tot stilstand in haar mamma hart. Haar kind mag nie weet wat by die huis aangaan nie, hy

moet sy skool en koshuis dae sorgloos en kommervry deurbring. Sy antwoord so kalm as moontlik. "Mamma sal plan maak my liefling."



Laatnag worstel die vrou met God. Here...hoe? Here...waar? Hoe kan ek my kind teleurstel? Hy vra nooit niks. Is altyd tevrede en verstaan wanneer daar n nee is. Terwyl sy bid val haar oe op haar beursie met die woorde " Be still, and know that I am God."

"Gebruik my beursie." Here nee, ek kani...vir omtrent twee weke loop ek met U geld en bly bid dat U vir my die persoon sal stuur wat daardie R380 nodig het. Die vrou het n plek in haar beursie wat sy geld salf en aan God wei vir Sy koningkryk. Sy lewer net die geld af vir God. Nie een keer het sy aan daardie geld geraak al was daar aande wat sy nie geweet het waar kom die volgende bord kos vandaan nie. Iemand anders het daardie geld nodig.

"Jy is daardie iemand anders." hoor sy in die stilte van die nag. Die volgende oggend gaan sy winkels toe, met twee stryd in haar hart. Se nou maar sy't verkeerd gehoor en gebruik God se geld terwyl dit vir iemand anders is? Here asb, bid sy, laat ek die regte ding doen. Here U weet ook dat my kind 'n groot nommer skoen dra...help my om vir hom dan tekkies te kry wat nie duur is en in sy nommer is.

Eerste winkel. Geen sukses.
Tweede winkel. Perfekte tekkies! Perfekte prys! Sy loop verby die kouse.
"Neem 'n stel van drie." Sy stop en dink, miskien kan sy 'n stel kouse koop. Die tekkies is helfte van R380 en daar sal nog geld oorbly ook in God se beursie.

"Mamma, baie dankie vir my tekkies. Dis perfek en pas 100% by my klere. En dankie vir my kouse. Ek het ook kouse nodig gehad. Dankie mamma, lief mamma."

Die vrou het God net geloof en prys vir Sy getrouheid. Terloops dit het regtig gebeur. Besef vandag dat God jou Boas is, hy sorg vir jou nog voordat jy gevra het. Ons dien 'n God van liefde, orde, genade en soveel meer. Ons dien 'n God wat intens betrokke is in ons lewens 'n God van detail. God gaan nie vir jou 'n pers nommer 9 skoen gee as jy 'n swart no 11 nodig het nie. God gaan vir jou 'n paar kouse gee, al het jy nie die vrymoedigheid gehad om vir kouse ook nog te vra nie.

Vra vir God, Hy wil vir jou voorsien. Jes 42:21
"Die Here vind VREUGDE daarin om getrou te wees. Hy laat Sy woord roem en eer ontvang."

## d. Granate word ook in die Bybel genoem

Ons Bybel, Ons Woord, Ons Handleiding.

●Granate word ook in die Bybel genoem.

Het jy geweet dat die● granaat bestaan uit 613 saadjies, wat die ook die 613 wette in die ou Testament verteenwoordig {die eerste 5 boeke van die Bybel}.

Die eerste verwysing na 'n ●granaat in die Bybel, is in Eksodus met die klere van die hoë priester Aaron, waar daar 'n goue 🔔klokkie en dan 'n ●granaatjie al om die soom was.

Selfs het Salomo● granate aangebring op die pilare van die tempel.

Die Jode eet ook 'n ●granaat wanneer die Sabbat verby was om God te vra hulle oorvloedig te seën soos die pitte van 'n ● granaat, sommige verwys selfs na die {●Granaat Gebed}.

Elke ●granaat het 'n "♛KROON" wat die ♛Koningskap van God simboliseer.

Hierdie oopgebreekte ●granaat, is om elkeen te herinner dat jyself 'n ●granaat pit in die LIGGAAM VAN CHRISTUS is.

Elkeen van ons is n saadjie op ons eie, maar saam IS ons ●VRUG, saam is ons die liggaam van Christus Jesus!

Soos elke saadjie van die ●granaat omring is deur hierdie rooi vleis, ons sal herinner dat ons is omring deur die VRYSPRAAK van die ▼BLOED van JESUS – ons staan binne in die vrymakende krag van die ▼bloed van die LAM en ons leef dit uit. ●

## 5. So terloops ....




## a. Die seuntjie ....

Die Seuntjie vra die Juffrou om te help om sy skoene aan te trek.
Sy probeer met 'n gedruk en getrek om die vellies aan die Kind se voete te kry.
Teen die tyd wat sy by die tweede vellie kom, breek daar al 'n lagie sweet op haar voorkop uit en begin haar hare al slierte hang soos sy stoei om die vellies aan die kind se voetjies te kry.
Dis toe dat die mannetjie so tussen sy vier afwesige voortandjies sê,"Juffrou, hierie eerthte vellie Ith aan die verkeerde voet."

Sy Kyk en so wrintiewaar, die vellie ís aan die verkeerde Voet. Die uittrek van die vellie aan die verkeerde voet gee nóg 'n gespook af. Die Juffrou hou kop en begin maar weer om die vellies aan die régte voete aan te trek, steeds met een helske gesukkel. Amper klaar, kondig die mannetjie aan: "Juffrou hierie Ith nie my vellieth nie."

Die Juffrou ontplof byna, maar hou kop en sê kalm, "Hoekom het jy nie vroëer gepraat nie?" Die gestoei begin weer om die vellies uit te trek. Pas is die vellies uit of meneertjie sê weer:" Dith my boetie the vellieth.
My Ma het gesê ek moet dit vandag dra want myne is weg."

Die Juffrou sluk droog, skraap al haar moed bymekaar en begin weer stoei om die vellies aan die voetjies te sit.
Uiteindelik is hulle weer aan die mannetjie se voetjies. Die mannetjie trek aan die Juffrou se baadjie en vra verleë: "Juffrou,wat van my kouthe?" Juffrou skree: "Nou waar is jou kouse??!!"
Die knapie Antwoord: "Dith voor in my vellieth."
?🙈♂😂🙈♂

## b. Foto van die jaar ....




## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| 7, 8 Junie | 13, 14 Junie | 3 &10 Junie |
| 12, 13 Julie | 25, 26 Julie | 8 & 22 Julie |
| 2, 3 Augustus | 15, 16 Augustus | 5 & 12 Augustus |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | 2 & 9 Desember |

**7.** Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881




**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Dankie Here, vir die wonderlike versekering dat U altyd daar is. Dankie Here, vir die engele van Psalm 91:11 wat U uitstuur om ons te bedien. Dankie Here, vir U liefde! Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus my Verlosser. Amen.

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.